DIE VOORTREKKERS
KLAPPERKOP
Medemenskamp 2021

Beste Gr 7 Voortrekkermaat

Het jy al besluit wie jy is? Het jy al met jouself vergadering gehou en besluit wie jy is en wie jy wil wees? Weet jy hoe jy gaan optree wanneer iets gebeur of wag jy maar tot dit gebeur? Het jy geweet dat alles wat jy doen 'n boodskap van jou oordra? Wat ander mense van jou dink, hang van jouself af:

- Hoe jy aantrek
- Hoe jy praat
- Wie jou vriende is
- Met wie jy uitgaan / waar jy uithang
- Of jy volwassenes respekteer
- Of jy die wet oortree
- Watter tipe vriend jy is
- Of jy trots is op jou werk
- Of ander jou kan vertrou of nie

Die Medemenskamp is vir jou bedoel! Daar is net Gr 7's op die kamp – geen "kleintjies" nie!
Moet dit nie mis nie!

WANNEER: **Vrydag 21 Mei 2021 (16:00) tot 23 Mei 2021 (14:00)**

WAAR: Hartbeesfontein Voortrekkerplaas (Noord-oos van Pretoria)

KOSTE: Kampgelde vir Gr 7 jeuglede beloop R520.00. Laat inskrywings ontvang na 7 Mei 2021 beloop R570.00.

INSKRYWING: Beskikbaar vanaf 16 April 2021 by https://inskrywings.voortrekkers.co.za (Inskrywing moet deur 'n volwassene voltooi word)

Wat bring jy saam:

- ✓ Jouself
- ✓ Jou eetgerei
- ✓ 3 stelle gemaklike klere – een stel waarvoor jy nie jammer is nie
- ✓ Onderklere
- ✓ Gemaklike skoene
- ✓ Hoed
- ✓ Swemklere, handdoek
- ✓ Sonbrandroom
- ✓ Pen en notaboek
- ✓ Bybel
- ✓ Warm baadjie vir saans
- ✓ Reënjas of Drimac
- ✓ Toiletbenodigdhede en badhanddoek
- ✓ Slaapsak, kussing en stappersmatrassie
- ✓ Eie tent per span

- ✓ **Een** van die volgende items vir die gestremde mense wat ons op die kamp besoek:
  - 'n pakkie lekker koekies **of** deodorant (mans of dames), **of** 'n pakkie weggooibare skeermesse **of** 'n (vol) bottel sjampoe of as jy regtig nie anders kan nie, R20. Ons sal dit inneem as julle registreer.

- ✓ **Klere vir die modeparade (Skool-, Sport-, Werksdrag, Formeel, Informeel of Tradisioneel)**
  Bespreek in julle span wie gaan wat bring, sodat almal nie dieselfde bring nie asseblief?

Hier is 'n vraelys wat jy moet invul en saambring. Dit is deel van die vereistes, en gaan jou die kans gee om jouself bekend te stel aan die nuwe maats in jou groep. Jy mag dit versier en fotos plak as jy wil. Jou eie kreatiwiteit is die enigste ding wat jou beperk!

Sien jou daar!

NAVRAE:
Nico Snyman (Kampleier)
Epos: nicosny@mweb.co.za

Nicci Kleynhans (Kampadmin)
Epos: medemenskamp@gmail.com

WIE IS EK? MEDEMENSKAMP VRAELYS EN VOORAFWERK – MOET SAAMGEBRING WORD NA DIE KAMP.

My naam is: _____
My naam beteken:
_____

My naam kom van: _____

Ek is gebore op _____ (datum) _____(plek)

Ek hou van: _____

My prestasies: _____

_____
My sterk punte:
_____
My frustrasies:
_____

My rolmodel/le is: _____
Hoe ek myself nog wil verbeter:
_____

_____

Vind uit wat die volgende begrippe beteken en hoe jy dit in jou lewe kan gebruik of doen:

- Respek: _____
- Verantwoordelikheid: _____
- Bedagsaamheid: _____
- Gehoorsaamheid: _____
- Hulpvaardigheid: _____

Kan jy dink aan ‘n geval in die Bybel waar hierdie begrippe beskryf / bespreek / gelewe word?

- Respek: _____
- Verantwoordelikheid: _____
- Bedagsaamheid: _____
- Gehoorsaamheid: _____
- Hulpvaardigheid: _____